

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
24 Julie 1977

Onderwerp: Vlees vs Gees

Lees: Romeine 7 verse 15 tot 26
Teks: Romeine 7 verse 24 en 25
Sing: Psalm 130 verse 1 en 4
Gesang 128 vers 7

“Paulus was hier besig om geskiedenis te skrywe. Dit was niemand anders s'n nie, maar sy eie. Dit was nie gewone geskiedenis nie, maar 'n stukkie sielsgeskiedenis.

“Eintlik het hy ons niks nuuts vertel nie. Sy ervaring en ondervinding is ook ons eie ervaring en ondervinding. Die stryd in sy geestelike lewe, wat hy hier beskryf het, is ook ons stryd.

“Paulus het ons hier vertel van die mag en die werklikheid van die sonde. Hy was besig om die mens se neerlae en frustrasie met die sondestryd te beskryf.

“Maar gelukkig het Paulus nie net van stryd en neerlaag vertel nie. Nee, daar het ook 'n ligkant en 'n oorwinningskroon in sy skrywe te voorskyn gekom. Hy het herhaaldelik vertel van die goeie tyding en blye bloodskap van Jesus Christus, wat die sondaarmens van sy sondestryd verlos het.

“Die mens se onmag:

“Toe Paulus sy geestelike stryd beskryf het, kon dit net sowel 'n beskrywing van jou en my eie stryd gewees het. Hy het dit kort en kragtig saamgevat. Dit was geen ingewikkelde betoog nie. Hy het geen geleerde woorde gebruik nie. Nee, al wat Paulus van sy geestelike lewe gesê het, was: ‘Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.’ (Rom 7:19)

“Dit was kernagtig en korrek. Beter kon dit nie gestel word nie. Is dit nie ook jou en my ondervinding nie? Wat die goeie betref: Al is ons kinders van die HERE, al glo ons in Hom, al is ons lidmate van die Kerk, al is ons deelgenote aan Jesus Christus se tafel, dan moet ons nog erken dat teleurstellings, frustrasies en neerlae deel is van ons geestelike lewens.

“Die goeie ... doen ek nie’. Daarom verstaan ons Paulus toe hy in ons teksvers uitgeroep het: ‘Ek, ellendige mens!’ (Rom 7:24) Dit is netsó. Die mens, jy en ek, is onmagtig om die goeie voort te bring. Ons

neiging is tot die kwade. Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat.

“‘Ek ellendige mens!’ Met hierdie woorde het Paulus die mens se onmag beskryf, wat só dikwels ons eie bittere teleurstelling en ondervinding is.

“Hoeveel maal het ons, ons nie al voorgeneem nie: Ek wil ’n goeie lewe lei. Ek wil die HERE dien. Ek wil die vrugte van bekering voortbring. Ek wil oorwinnend lewe. Ek wil bid en Bybel lees en kerk besoek, ensovoorts.

“Maar laat ons eerlik wees. Het jy geslaag in jou voorneme? Nee! Ons moet erken: Ek wil die goeie doen, maar ek is onmagtig om dit te doen.

“Insteede ervaar ek ’n lewe vol sondes: Ek doen die verkeerde dinge. Ek koester lelike gedagtes. Ek stel ’n slegte voorbeeld. Ek gebruik so dikwels die HERE se Naam ydelik. My gesindheid is verkeerd. Ek skeep die Bybel, kerk en gebed af. Dit het vir my ’n oorlas geword, ensovoorts.

“Paulus het dit raak opgesom: Ons wil die goeie doen. Ons strewende daarna, maar ons slaag nie. Ons kry dit nie reg nie. Daarom moet ons ook soos Paulus uitroep: ‘Ek ellendige mens!’

“Die sonde se oormag:

“Waarom ervaar ons hierdie neerlae en frustrasie in ons geestelike lewens? Waarom het ons nie die vermoë om dit self te oorkom nie? Die antwoord is eenvoudig: Omdat die mens vasgegryp, vasgevang en gevange gehou word deur ’n mag, die mag van die sonde! Die mens word dikwels soos ’n krygsgevangene in ’n tronk vasgekeer deur die muur van sonde.

“Dit is die werklikheid van die sonde. Sonde laat ons nooit alleen nie. Satan wil die mens vastrek in sy vangnet. Wat meer is, hy slaag meestal daarin, want die mens is so swak, so onmagtig. Ons moet nooit vergeet dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen Satan. Met ander woorde, ons het te doen met ’n oormag. Hy is té sterk en té veel vir ons. Dit is soos die besetene van Gádara wat vir Jesus Christus gesê het: ‘Legio is my naam, want ons is baie.’ (Mark 5:9)

“Paulus het gesê: ‘Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’ (Rom 7:24) Hy het sonde hier beskryf as ’n doodsheid - die liggaam van die dood. Dit is wat sonde doen, dit maak ons soos ’n dooie wat niks kan doen nie. Die sondemag, die heerskappy van die sonde en ons onvermoë om self daarteen te stry, maak ons in ons geestelike lewens dood. Ons is soos

krygsgevangenes wat moes stry teen 'n oormag wat ons oorwin het!

“Wees gewaarsku: Al sou ons sonde onderskat, al pla sonde ons nie meer nie, al speel ons daarmee, onthou, sonde is soos 'n kanker in die lewe. Dit vreet voort, totdat ons volkome vasgevang is in hierdie oormag van die dood.

“Sonde is die mag van Satan. Hy is oormagtig en ons is onmagtig. Ons kan nie alleen daarteen veg nie. Saam met Paulus moet ons dus uitroep: ‘Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’

“Die Here Jesus se almag:

“Gelukkig het Paulus se geskiedskrywing ook 'n ligkant. Hy was nie net besig met die donkerpunt van die mens se onmag teen die sonde se oormag nie. Nee, hy het die Evangelie verkondig, die goeie boodskap.

“Paulus het in wanhoop uitroep: ‘Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’ Maar ook bygevoeg: ‘Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!’ (Rom 7:24,25) Daarmee het hy nie net verwys na die oormag van die sonde nie, maar Goddank en jubelend, na die kruisdood van Jesus Christus. Paulus het voor sy geestesoog vir Jesus Christus aan die kruis gesien. Hy het Jesus Christus gesien wat die straf vir die sonde van die wêreld gedra het en sondaars daardeur verlos het. Paulus het hier verwys na Jesus Christus se almag wat sonde oorwin het, ook die sondes in jou en my lewens.

“Die wapen teen die sonde is die kruisdood van Jesus Christus op Golgota. By Hom is krag tot oorwinning in ons daaglikse stryd.

“Dit is wat jy en ek moet onthou en doen. Ons moet elke dag gaan na Jesus Christus toe, wat ons sondes oorwin het. Hy het die deur van die sondetronk oopgesluit en ons verlos.

“Mag ek jou vra: Ken jy die gekruisigde Jesus Christus?

“God het bepaal dat Jesus Christus aan die kruis in sy almag die mens, in sy onmag teen die sonde, verlos het. Dit is juis aan die kruis, waar dit gelyk het asof Satan gewen het, dat Jesus Christus sy almag getoon het. Daarmee het Jesus Christus ons, wat vroeër weerloos was teen die sonde, in staat gestel om die sonde te oorwin.

“Mag ons nooit daarin op onself roem nie, maar altyd in die Here Jesus Christus aan die kruis.

“Amen.”